

19 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 13:38-52

Fokusgedeelte: Handeling 13:44 (NAV)

Die Woord deur die apostels verkondig: dit word geglo en verwerp

Watter uitwerking het die verkondiging van God se Woord op jou? Glo jy dit en gee jy jou gelowig daaraan oor, of verwerp jy dit en verhard jy jou daarteen? In Antiogië het die verkondiging van God se Woord 'n tweërlei uitwerking op die hoorders daarvan gehad. Sommige het dit geglo en tot geloof in Jesus Christus gekom. Ander is met afguns vervul en het dit verwerp. Hulle het selfs sover gegaan om die apostels te beledig en hulle later uit die streek te verdryf.

Tog het die Jode se verwerping van die evangelie, hulle teësprak en beledigings, nie God se werk gedwarsboom nie. Ten spyte daarvan het almal daar wat vir die ewige lewe bestem was, gelowig geword (vs. 48). En ten spyte daarvan dat die apostels later uit die streek verdryf is, was die gelowiges vol blydschap en vol van die Heilige Gees (vs. 52).

God se werk het deurgegaan – sy Woord is geglo. Ons sien dit treffend al op die eerste Sabbat wat die apostels daar was. Toe het van die mense wat die Woord gehoor het, al vir die apostels gevra om hulle die volgende Sabbat meer te vertel. Daar was ook baie wat tot geloof gekom het en vir wie Paulus-hulle aangemoedig het om op die genade van God te bly vertrou.

Dan veral op die tweede Sabbat lees ons dat die hele stad bymekaar gekom het om die Woord van die Here te hoor. Wat moes in daardie week nie gebeur het dat soveel mense bymekaar gekom het om te kom hoor nie? Dié wat die vorige week gehoor en geglo het, sou vertel het. Hulle opgewondenheid was aansteeklik. Ander het ook kom hoor!

As jy die Woord van God glo en jy jou daaraan oorgee, moet jou entoesiasme oor die evangelie aansteeklik wees. Jy moet ook die begeerte hê dat ander moet kom om te hoor!

Sing: Psalm 66:2, 7 (Totius)

Ds. ASA de Bruyn (Wilropark)